Kitsinligting: NWU Meesters en Doktorale Beursskema 2022

Webadres vir aansoekvorms: http://studies.nwu.ac.za/af/studies/beurse-en-lenings

Die doel van die NWU Nagraadse Beursskema is om finansiële ondersteuning te bied aan nagraadse studente en om erkenning te verleen aan studente wat op akademiese gebied presteer. Die NWU nagraadse beursskema is in lyn met die strategiese doelwitte van die Universiteit soos in die Institusionele Plan uiteengesit.

NB: Slegs elektroniese aanlyn aansoeke

A: NWU Meestersbeurs – Sluitingsdatum: 31 Maart 2022

Voorwaardes van die beurs:

1. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir 'n volle voorgeskrewe Meesters graad registreer.
2. Aansoek om die beurs word jaarliks op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen voor of op 31 Maart 2022.
3. **Studente vanaf ander universiteite moet 'n akademiese rekord aanheg** van die voorafgaande kwalifiserende graad.
4. Meestersgraad studente mag beurse uit meer as een bron ontvang. Daar is geen perk op die Meestersbeursbedrag nie.
5. Die beursbedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie, studies staak of nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
6. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
7. Die beurs word as volg toegeken:
   - 7.1. Om te kwalifiseer, moet aansoekers 'n **minimum gemiddeld van 60%** in die finale jaar modules/vakke van die voorafgaande voltooide Honneurs-graadkursus behaal het. Studente wat 'n vierjarige B-graad in BIng, BPharm, BMus en BArt et Science in Stads- en Streekbeplanning verwerf het, kwalifiseer ook vir die Meestersbeurs en moet 'n gemiddeld van 60% in die voorafgaande voltooide finale jaar behaal het. Akademiese rekords van die voorafgaande kwalifiserende graad word in ag geneem met berekening van die gemiddeld. Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
   - 7.2. **Deeltyds geregistreerde en werkende studente kan vir 'n 50% toekenning** van die beurs aansoek doen (werkende studente word omskryf as studente wat vir 'n werkgewer werk, 'n salaris verdien en waarvan werk die hoofaktiwiteit is).
   - 7.3. Die beurs geld slegs vir twee (2) jaar. R27 400 per jaar word toegeken vir voltydse studente - die totale beurswaarde oor twee jaar beloop R54 800.
   - 7.4. **Studente wat reeds 'n Meesters beurs ontvang het,** moet aansoek doen vir 'n **Meesters Vorderingsbeurs**: Vir die Vorderingsbeurs moet die **voorgeskrewe Vorderingsverslag**, ingevul deur die Studieleier, aan die beursaansoek geheg word. Hierdie verslag dien as aanbeveling van akademiese vordering. Indien die student nie voorheen 'n Meestersbeurs ontvang het nie, moet die student die akademiese rekord van die vorige kwalifiserende graad ook aanheg sodat die minimum gemiddeld van 60% bevestig kan word. Onvolledige aansoeke is ongeldig.
   - 7.5. In die geval waar 'n student in een jaar die Meestersgraad voltooi en direk met Doktorale studies aangaan, word R27 400 na die eerste jaar van die Doktorale studies oorgedra. Stuur 'n e-pos aan u kampus e-pos adres. Indien die student nie inskryf vir Doktorale studies nie, is die beurswaarde slegs R27 400.
   - 7.6. Beurshouers moet die Meestersgraad binne 'n **grasietydperk van drie (3) jaarvoltooi.**

B: NWU Doktorale beurs – Sluitingsdatum: 31 Maart 2022

Voorwaardes van die beurs

1. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir volle voorgeskrewe Doktorale graadregistreer.
2. Aansoek om die beurs word jaarliks op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen voor of op 31 Maart 2022.
3. Studente vanaf ander universiteite moet 'n akademiese rekord aanheg van die voorafgaande kwalifiserende graad.
4. Doktorale graadstudente mag beurse uit meer as een bron ontvang. Daar is geen perk op die Doktorale beursbedrag nie.
5. Die beursbedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie, studies staak of nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk voltooi nie.
6. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
7. Die beurs word as volg toegeken:
   - 7.1. Om te kwalifiseer, moet aansoekers 'n minimum **gemiddeld van 60%** in die finale jaar modules/vakke van die voorafgaande voltooide Meesters-graadkursus behaal het. Akademiese rekords van die voorafgaande voltooide graad moet aangeheg word. Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
   - 7.2. Deeltyds geregistreerde en werkende studente kan vir 'n 50% toekenning van die beurs aansoek doen (werkende studente word omskryf as studente wat vir 'n werkgewer werk, 'n salaris verdien en waarvan werk die hoofaktiwiteit is).
   - 7.3. Die beurs geld slegs vir drie (3) jaar. R29 500 per jaar word toegeken vir voltydse studente – die totale beurswaarde oor drie jaar beloop R88 500.
   - 7.4. Studente vanaf die **tweede** jaar in die graad doen aansoek vir 'n **Doktorale Vorderingsbeurs**: Vir die Vorderingsbeurs moet die **voorgeskrewe Vorderingsverslag**, ingevul deur die Studieleier, saam met die beursaansoek ingedien word. Hierdie verslag dien as aanbeveling van akademiese vordering. Indien die student nie voorheen 'n Doktorale Beurs ontvang het nie, **moet** die student die akademiese rekord van die vorige kwalifiserende graad ook aanheg sodat die gemiddeld van 60% bevestig kan word. Onvolledige aansoeke is ongeldig.
   - 7.5. Beurshouers moet die Doktorale graad in 'n **grasietydperk van vyf (5) jaar voltooi.**

B: NWU Nagraadse Akademiese Merietebeurs – Sluitingsdatum: 30 April 2022

Die NWU Nagraadse Akademiese Merietebeurs is aanvullend tot alle nagraadse beurse en word op grond van goeie akademiese prestasie toegeken. Die NWU Nagraadse Beursskema en die nagraadse Cum Laude Akademiese Merietebeurs is **TWEE afsonderlike** beurse met elk 'n eie aansoekvorm.

R5 000 vir student met 'n minimum gemiddeld van 75%

Elektroniese aansoek (aanlyn aansoek)

- **Slegs studente vanaf ander Universiteite MOET aanlyn aansoek** doen en dokumente van die vorige kwalifiserende Graad aanheg.
- **NWU studente doen nie elektronies aansoek nie. Die beurs word outomaties toegeken** aan studente wat aan die kondisies voldoen soos uiteengesit.

Voorwaardes van die beurs

Voltydse en Deeltyds studente kan aansoek doen:

1. Die beurs is slegs beskikbaar aan studente wat vir 'n **eerste, volle voorgeskrewe Meesters of Doktorale graadkursus registreer**.
2. Die beurs word **slegs eenmalig in die eerste jaar** van die nagraadse kursus toegeken.

3. Die Akademiese Merietebeurs vir geregistreerde studente word jaarliks outomaties bereken en toegeken. Akademiese meriete vir studente vanaf ander Universiteite word nie outomaties bereken en toegeken nie en hierdie studente moet vir die beurs op die voorgeskrewe aansoekvorm aansoek doen voor of op die sluitingsdatum soos gespesifiseer.
4. Die beursbedrag is terugbetaalbaar indien 'n student enige van die voorwaardes nie nakom nie, studies staak of nie die kursus binne die voorgeskrewe tydperk (soos voorgeskryf vir die NWU Honneursbeurs) voltooi nie.
5. Die Universiteit behou die reg, indien geregverdig deur omstandighede, om riglyne, voorwaardes en bedrae te verander sonder voorafgaande kennisgewing aan die applikant.
6. Die beurs word as volg toegeken:
   6.1. **Om te kwalifiseer, moet applikante met 'n gemiddeld van 75% slaag bereken op die vooragaande graad se finale jaar modules.** Sertifikate alleenlik is nie geldig nie.
   6.2. Beurshouers moet die nagraadse kursus binne die minimum grasietydperk, soos vasgestel deur die NWU Nagraadse beursskema, voltooi.
   6.3. Laat aansoeke sal slegs met 'n skriftelike aanbeveling van die studieleier aanvaar word. Dien aansoekvorms so vroeg moontlik in vir tydige verwerking.

Rig beursnavrae aan u registrasiekampus: Finansiële Steundienste Kantoor		
Mafikengkampus Kereng Moalusi Tel: 018 389 2521 E-pos: MC-PostGradBurs@nwu.ac.za	**Potchefstroomkampus** Navraagkantoor Tel: 018 299 2066/70/8/9 E-pos: PUK-PostGradBurs@nwu.ac.za	**Vanderbijlparkkampus** Navraagkantoor Tel: 016 910 3134 / 3157 E-pos: VC-PostGradBurs@nwu.ac.za
Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735 Gebou AF2, Kamer G07	Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520 Gebou F1, NAVRAE TOONBANKE 6-12	Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900 Gebou 24, Beurse